



2024/25

Reglement H

Regulation H

JUKSKEI SA

AFRIGTING

COACHING

Jukskei : Suid-Afrika se Sport vir Almal / South Africa's Sport for All

INHOUD / INDEX

NR	ARTIKELBESKRYWING	ARTICLE DESCRIPTION	
1	DOEL	PURPOSE	4
2	REIKWYDTE VAN JSA AFRIGTERS-KOMITEE	REACH OF JSA COACHES COMMITTEE	4
3	FUNKSIES	DUTIES	4
4	BESTUUR	MANAGEMENT	5
4.1	Bestuur	Management	5
4.2	Bestuur	Management	5
4.3	Direkteur: Afrigting	Director: Coaching	5
4.4	<i>Afrigterontwikkelaar</i>	<i>Coach Developer</i>	5
4.5	<i>Hoofafrigters Senior & Junior Nasionalespanne</i>	<i>Head Coaches Senior & Junior National teams</i>	5
4.6	<i>Ander Hoofafrigters (Nie Komiteelede)</i>	<i>Other Head Coaches (not Committee members)</i>	6
4.7	<i>Sekretariaat</i>	<i>Secretariat</i>	7
4.8	<i>Vereistes van Bestuurslede</i>	<i>Requirements of Management</i>	7
4.9	Aanstellingsprosedure	Appointment Procedure	7
5	SUBKOMITEES	SUBCOMMITTEES	8
5.1	Dagbestuur	Executive Committee	8
6	SEKRETARIAAT	SECRETARIAT	8
7	VERGADERINGS	MEETINGS	9
7.1	Ledevergaderings	Members' Meetings	9
7.2	Bestuursvergaderings	Management Meetings	9
8	Organisasie en Werksaamhede	Organization and Activities	10
8.1	Werksaamhede	Activities	10
8.2	Prosedures	Procedures	11
9	VERSLAGDOENING	REPORTING	11
10	BYWETTE	BY-LAWS	11
11	FINANSIES	FINANCES	12
11.1	Affiliatiegeld	Affiliation Fees	12
11.2	Registrasiefooi	Registration Fee	12
11.3	Fondse	Funds	12
11.4	State	Statements	13
11.5	Begroting	Budget	13

12	AFRIGTING VAN SPANNE	COACHING OF TEAMS	13
13	IDENTIFISERING VAN AFRIGTERS	IDENTIFYING COACHES	13
14	OPLEIDING	TRAINING	14
15	WYSIGINGS	AMENDMENTS	14
	BYWETTE	BY-LAWS	
1	<i>Vlakke van Afrigters</i>	<i>Levels of Coaches</i>	15
2	<i>Prosedures vir Kwalifisering van Afrigters</i>	<i>Procedures for Qualifying of Coaches</i>	17
3	<i>Prosedures vir die Aanwysing en Aanstelling van Afrigters van Nasionalespanne</i>	<i>Procedures for the Designation and Appointment of Coaches of National Teams</i>	19
4	<i>Afrigterskomitees in Distrikte/Provinsies</i>	<i>Coaching Committees in Districts/Provinces</i>	22
5	<i>Terminologie</i>	<i>Terminology</i>	23
	ADDENDUMS	ADDENDUMS	
	Addendum A	Addendum A	24

1	DOEL	PURPOSE
	Die doel van die Jukskei SA Afrigterskomitee (hierna bekend as JSA-AF) is die koördinerings en bestuur van alle Afrigteraangeleenthede en om afrigting uit te bou tot voordeel van Jukskei.	The purpose of the Jukskei SA Coaches Committee (hereinafter referred to as JSA-CC) is the coordination and management of all matters relating to Coaching and to expand coaching to benefit Jukskei.
2	REIKWYDTE VAN DIE JSA AFRIGTERSKOMITEE	REACH OF THE JSA COACH COMMITTEE
2.1	JSA-AF is 'n volwaardige subkomitee van die Direksie van Jukskei Suid-Afrika (JSA-D) en is onderhewig aan die Statute van JSA	JSA-CC is a full-fledged subcommittee of the Board of Jukskei South Africa (JSA-B) and is subject to the Articles of JSA
2.2	JSA-AF bestuur:	JSA-CC manages:
2.2.1	alle aangeleenthede rakende afrigters op Klub, Distrik, Provinsiale en Nasionale vlak.	all matters relating to coaches at Club, District, Provincial and National level.
2.2.2	aangeleenthede in belang van alle geregistreerde afrigters.	matters in the interest of all registered coaches.
2.3	JSA-AF kan tydens sy ledevergadering beskrywingspunte en besprekingspunte formuleer om te dien op die AJV van JSA.	JSA-CC may formulate motions and discussion points at their members' meeting to serve at the AGM of JSA.
2.4	Ampsdraers soos aangestel volgens die prosedures soos vervat in Artikel 4 van hierdie Reglement.	Officials appointed in accordance with the procedures contained in Section 4 of this Regulation.
2.5	Distrikte/Provinsies van JSA affilieer by JSA-AF.	Districts/Provinces of JSA affiliate with JSA-CC.
3	FUNKSIES	DUTIES
3.1	JSA-AF sal die volgende funksies in die bestuur van Jukskei as sport vervul:	JSA-CC will perform the following duties in the management of Jukskei as a sport:
3.1.1	is verantwoordelik vir die koördinerings van afrigting van alle spelers.	Is responsible for the co-ordination of coaching of all players
3.1.2	bestuur alle sake rakende JSA Afrigters se funksies (oa werwing, opgradering en ontwikkeling van afrigters op alle vlakke).	manages all matters relating to duties of JSA Coaches (eg recruitment, upgrading and development of coaches at all levels)
3.1.3	is verantwoordelik vir die opleiding van afrigters op alle vlakke in samewerking met JSA Akademie.	Is responsible for the training of coaches at all levels in co-ordination with JSA Academy.
3.1.4	Is ook verantwoordelik vir werwing van nuwe spelers om sodoende die sport te laat groei.	Is also responsible for recruiting new players to let the sport grow.
3.1.5	doen navorsing oor afrigtingsmetodes van die sport en implementeer dit in Jukskei.	Does research on methods of coaching of the sport and implements them in Jukskei
3.1.6	lewer jaarliks verslag aan die Direksie van Jukskei SA.	Reports annually to the Board of Jukskei SA
3.1.7	stel jaarliks 'n lys van aktiewe geregistreerde afrigters saam, met die wysigings van die status van lidmaatskap (aktief en geregistreer/onaktief) en lê die lys aan die Direksie van Jukskei SA voor.	annually compiles a list of active registered coaches , together with the amendments to the status of membership (active and registered/inactive) and submit the list to the Board of Jukskei SA.
3.1.8	stel afrigters aan vir alle spanne wat gekies word onder jurisdiksie van Jukskei SA. Die aanstellings word aan die Direksie van Jukskei SA voorgelê vir bekragtiging.	appoints coaches for all teams selected under the jurisdiction of Jukskei SA. The appointments are submitted to the Board of Jukskei SA for ratification.

3.1.9	is verantwoordelik vir die vestiging van 'n Afrigterskomitee binne geaffilieerde Distrikte en Provinsies in JSA.	Is responsible for the establishment of a Coach Committee within affiliated Districts and Provinces in JSA.
4	BESTUUR	MANAGEMENT
4.1	Die bestuur van JSA-AF bestaan uit die vyf lede in die volgende poste en die hele bestuur dien vir 'n termyn van drie jaar waarna alle Bestuurslede weer aangestel kan word.	The management of JSA-CC consists of the five members in the following positions and the entire management serves for a term of three years after which all members of the Board can be re-appointed.
4.2	Alle persone wat hulself beskikbaar stel moet 'n geregistreeerde Afrigter en geaffilieer wees by Jukskei SA.	All persons who make themselves available must be a registered Coach and be affiliated with Jukskei SA.
4.3	Direkteur: Afrigting	Director: Coaching
4.3.1	Word aangewys deur die President en twee Vise-presidente van JSA.	Is appointed by the President and two Vice-Presidents of JSA
4.3.2	Hierdie persoon moet ten minste 'n Klubvlakafriigter wees en oor bestuursvaardighede beskik om die komitee asook 'n Direksieportefeulje te bestuur.	This person must be at least a Club Level Coach and must have management skills to manage the committee and a Directors Portfolio.
4.4	Afrigterontwikkelaar	Coach Developer
4.4.1	Word deur die Direkteur Afrigting in oorleg met JSA se Afrigtingskomitee aangewys, vanuit aansoeke ontvang en moet deur Direksie bekragtig word.	Is being appointed by the Director Coaching in consultation with JSA's Coaching Committee, from applications received and approved by the Board.
4.4.2	Die Afrigterontwikkelaar is verantwoordelik vir die:	The Coach Developer is responsible for:
	a) ontwikkeling van afrigters	a) developing coaches
	b) assessering van afrigters	b) assessment of coaches
	c) en identifisering van afrigters-behoefes	c) and identification of coaches' needs
4.4.3	Die Afrigterontwikkelaar moet oor die volgende vaardighede beskik:	The Coach Developer must have the following skills:
	a) Fasiliteerder van ontwikkeling van afrigters en deelnemers;	a) Facilitator of development of coaches and participants;
	b) Assessor van afrigtersprogramme en afrigters	b) Assessor of coaches programs and coaches
	c) Afrigterprogramontwerper en – ontwikkelaar	c) Coaching program designer and – developer
	d) Mentor van afrigters	d) Mentor of coaches
4.4.4	Die Afrigterontwikkelaar werk ten nouste saam met die twee Hoofafriigters en hou gereeld werkwinkels met die twee Hoofafriigters.	The Coach developer works closely with the two Head coaches and regularly has workshops with the two Head Coaches.
4.4.5	Die Afrigterontwikkelaar lê jaarliks 'n verslag voor aan die Direkteur Afrigting tov fasilitering van ontwikkeling van afrigters, afrigtersprogramme en mentoraksies.	The Coach Developer reports annually to the Director Coaching icw facilitating the development of coaches, coaches programs and mentoring actions.
4.5	Hoofafriigters Nasionale Spanne (Bo 50/Bo 60, Seniors en Juniors)	Head Coaches National Teams (Above 50/Above 60, Seniors and Juniors)
4.5.1	Die UB van Jukskei SA stel die paneel aan wat sal bestaan uit 'n minimum van 3 en maksimum van 5 lede, wat die Direkteure Akademie en Afrigting sal insluit. Indien	The EC of Jukskei SA appoints the panel which will consist of a minimum of 3 and maximum of 5 members, which will include the Directors Academy and Coaching. If

	hierdie Direkteure aansoek doen vir een van die poste sal 'n ander lid van daardie komitee(s) aangewys word.	these Directors apply for one of the posts, another member of that committee (s) will be appointed.
	a) Die paneel stel die hooffrigters aan vir nasionale spanne wat gekies word onder jurisdiksie van Jukskei SA.	a) The panel nominates the head coaches for national teams selected under jurisdiction of Jukskei SA.
	b) Die aanstellings word aan die UB van Jukskei SA voorgelê vir bekragtiging.	b) The appointments are submitted to the EC of Jukskei SA for ratification.
	c) Indien die UB van Jukskei SA met die aanstellings verskil word die saak weer terug verwys na die paneel.	c) If the EC of Jukskei SA differs with appointments, the case is referred back to the panel.
4.5.2	Die Hoofafrigter moet ten minste drie jaar met afrigting gemeoid wees en ten minste twee jaar as afrigter van Nasionale spanne diens gedoen het.	The Head Coach must have been involved in coaching for at least three years and must have served as a coach of National teams for at least two years .
4.5.3	Die Hoofafrigter werk ten nouste saam met die Afrigterontwikkelaar en is verantwoordelik vir die koördinering en ontwikkeling van die onderskeie afrigters van die bepaalde spanne.	The Head Coach works closely with the Coach Developer and is responsible for the co-ordination and development of the respective coaches of the particular teams.
4.5.4	Die Hoofafrigter koördineer die oefenprogramme, oefenkampe, motivering en spanbousessie.	The Head Coach coordinates the training programs, training camps, motivation and teamwork session.
4.5.5	Die Hoofafrigter werk ten nouste saam met die Afrigterontwikkelaar om 'n oefenkamp tydens nasionale toere te reël.	The Head coach works closely with the Coach Developer to arrange a training camp during national tours.
4.5.6	Die Hoofafrigter kan nie tydens toere as afrigter van 'n span optree nie en is beskikbaar om enige afrigter met hulp en raad te bedien.	The Head Coach can not act as coach of a team during tours and is available to assist any coach with help and advice.
4.5.7	Die Hoofafrigter is verantwoordelik om 'n gekonsolideerde verslag (saamgestel uit spanverslae van alle afrigters) aan die Direkteur Afrigting voor te lê ten opsigte van die kampioenskappe of toer.	The Head Coach is responsible for submitting a consolidated report (compiled from team reports of all coaches) to the Director Coaching in respect of the championships or tour.
4.5.8	Indien die Hoofafrigter nie in staat is om 'n toer mee te maak nie, kan die Afrigtingskomitee 'n Hoofafrigter vir die betrokke toer aanstel nadat die Direksie die aanstelling bekragtig het.	If the Head Coach is unable to participate in a tour, the Coaching Committee may appoint a Head Coach for the tour in question after the Board has approved the appointment.
	a) Indien die Hoofafrigter twee geleenthede (kampioenskappe/ toere) gedurende die drie jaar siklus misloop word daar 'n ander Hoofafrigter verkies en word die oorspronklike aanwysing getermineer.	a) If the Head Coach misses two opportunities (championships / tours) during the three-year cycle, another Head Coach will be elected and the original appointment will be terminated.
4.6	ANDER HOOFARIGTERS (Nie Komiteelede)	OTHER HEAD COACHES (not Committee members)
4.6.1	Daar word ook jaarliks hooffrigters vir die SA-A, SA Meesters, SA Senior Akademie en SA Akademie spanne gekies.	Every year, head coaches are also selected for the SA-A, SA Masters, SA Senior Academy and SA Academy teams.
4.6.2	Die Direkteur Afrigting, en Dir. Akademie in oorleg met die SA Meesterskomitee, SA Senior Akademie Komitee en SA	The Director Coaching and Dir. Academy, in consultation with the SA Masters Committee, SA Senior Academy Committee

	<p>Juniorkomitee stel die Hoofafrigter aan vir die(SA A-spanne/SA Meesters/SA Senior Akademie spanne/SA Akademiespanne) wat gekies word onder jurisdiksie van Jukskei SA.</p>	<p>and SA Junior Committee, appoint the Head Coach for the (SA A Teams / SA Masters / SA Senior Academy Teams / SA Academy Teams) selected under jurisdiction of Jukskei SA.</p>
	<p>a) Die aanwysing word bekragtig deur die UB van JSA.</p>	<p>a) The appointment is ratified by the EC of JSA.</p>
4.6.3	<p>Die Hoofafrigters van die SA Meesters/SA Senior Akademie spanne/SA Akademiespanne tree tydens die toernooi of toere op en is 'n jaarlikse aanstelling.</p>	<p>The Head Coaches of the SA Masters / SA Senior Academy teams / SA Academy teams officiate at the tournament or tours and are annual appointments.</p>
4.6.4	<p>Die Hoofafrigters van die SA A-spanne, SA Meesters, SA Senior Akademie spanne en SA Akademiespanne tree eenmalig tydens die toernooi of toere op.</p>	<p>The Head Coaches of the SA A-teams, SA Masters, SA Senior Academy teams and SA Academy teams officiate once during the tournament or tours.</p>
4.6.5	<p>Die Hoofafrigters (SA A, SA Meesters, SA Senior Akademie en SA Akademie spanne) koördineer die motivering en spanbousessie voor die vertoonwedstryde gespeel word.</p>	<p>The Head Coaches (SA A, SA Masters, SA Senior Academy and SA Academy teams) coordinate the motivation and team building session before the display matches are played.</p>
4.6.6	<p>Die Hoofafrigter (SA A, SA Meesters, SA Senior Akademie en SA Akademie spanne) werk ten nouste saam met die Afrigterontwikkelaar indien 'n Oefenkamp tydens nasionale toere gereël moet word.</p>	<p>The Head Coach (SA A, SA Masters, SA Senior Academy and SA Academy teams) work closely with the Coach Developer if a Training Camp is to be organized during national tours.</p>
4.6.7	<p>Die Hoofafrigter is verantwoordelik om 'n gekonsolideerde verslag (saamgestel uit spanverslae van alle afrigters) aan die Direkteur Afrigting voor te lê ten opsigte van die toernooi of toer.</p>	<p>The Head Coach is responsible for submitting a consolidated report (compiled from team reports of all coaches) to the Director Coaching in respect of the tournament or tour.</p>
4.7	Sekretariaat	Secretariat
4.7.1	<p>Nadat nominasies van Provinsies ontvang is, maak Die Direkteur Afrigting 'n aanbeveling aan die Direksie wat dit moet bekragtig.</p>	<p>After nominations from Provinces have been received, the Director Coaching makes a recommendation to the Board to ratify it.</p>
4.7.2	<p>Die persoon moet oor die nodige vaardighede en middele beskik om die administrasie en finansies van die komitee te bestuur.</p>	<p>The person must have the necessary skills and resources to manage the administration and finances of the committee.</p>
4.8	Vereistes van Bestuurslede	Requirements of Management Members
4.8.1	<p>Enige lid van die Bestuur wat vir meer as drie agtereenvolgende vergaderings, nadat daar behoorlik kennis gegee is, sonder grondige redes afwesig is van Bestuursvergaderings, se lidmaatskap van die Bestuur sal outomaties verval.</p>	<p>Membership of any member of the Committee shall automatically lapse if he/she is absent from three consecutive management meetings, without good cause, after due notice was given.</p>
4.8.2	<p>Enige lid wat hul deur onbehoorlike gedrag, tot nadeel van die komitee of JSA skuldig maak, se termyn/dienste kan onverwyld opgeskort word.</p>	<p>Any member found guilty of improper conduct, to the detriment of the committee or JSA, may have his term/services immediately suspended.</p>
4.9	Aanstellingsprosedure	Appointment Procedure
4.9.1	<p>Aansoeke vir bogenoemde ampte (Direkteur Afrigting uitgesluit), moet skriftelik ingedien word en behoorlik onderteken word deur 'n Distrik/Provinsie</p>	<p>Applications for the above-mentioned offices (Director Coaching excluded) must be submitted in writing and duly signed by a District / Province's President and Director</p>

	se President en Direkteur Administrasie of deur die bestaande JSA Afrigtingskomitee	Administration or by the existing JSA Coaching Committee
4.9.2	Die aansoeke moet volledig gemotiveer word deur die Distrik/Provinsie/JSA Afrigtingskomitee wat die persoon nomineer. Opmerking 1: Enige persoon wat hom bereid verklaar het om op die Bestuur te dien, moet 'n geregistreerde Afrigter van 'n geaffilieerde Distrik/Provinsie wees.	The applications must be fully motivated by the District / Province / JSA Coaching Committee nominating the person. Note 1: Any person who has declared his willingness to serve on the Committee must be a registered Coach of an affiliated District/Province.
4.9.3	Slegs die Bestuur as liggaam (nie die individuele lede daarvan nie) Provinsies en Distrik/Provinsie voldoen aan die vereistes soos bepaal in die Statute van Jukskei SA, mag nominasies indien.	Only the Committee as body (not the individual members thereof) Provinces and District/Province who meet the requirements stipulated in the Articles of Jukskei SA may submit nominations.
4.9.4	Die Direkteur Afrigting word deur die President en die twee Vise Presidente van Jukskei SA aangestel.	The Director Coaching is appointed by the President and two Vice-Presidents of Jukskei SA.
4.9.5	Die ander poste op die Bestuur sal volgens Klousule 4.3, 4.4 en 4.5 van hierdie Reglement aangestel word.	The other posts on the Committee will be appointed according to Clause 4.3, 4.4, and 4.5 of this Regulation.
4.9.6	Alle aanstellings moet deur die Direksie van Jukskei SA bekragtig word.	All appointments should be ratified by the Board of Jukskei SA.
4.9.7	Sou 'n vakature om welke rede ookal bestaan, behou die Direkteur in samewerking met die Sekretariaat hulle die reg voor om 'n persoon te koöpteer ter vulling van die vakature tot en met die einde van die termyn.	Should a vacancy for whatever reason exist, the Director in collaboration with the Secretariat has the right to co-opt a person to fill the vacancy until the end of the term.
	a) So 'n aanstelling moet deur die Direksie van Jukskei SA bekragtig word.	a) Such an appointment must be ratified by the Board of Jukskei SA.
4.9.8	Enige lid van die Bestuur mag net twee termyne van drie jaar in dieselfde pos dien.	Any member of the Board may only serve two terms of three years in the same position.
4.9.9	Indien 'n geskikte persoon nie beskikbaar is nie sal die Direkteur in oorleg met ander lede van die Uitvoerende Bestuur van JSA persone nader om die pos te vul. a) Alle aanstellings moet deur die Direksie van Jukskei SA bekragtig word. b) Die naam van die persoon sal dan aan die Distrikte/Provinsies versprei word.	If a suitable person is not available, the Director will in consultation with other members of the Executive Committee of JSA approach persons to fill the position. a) All appointments must be ratified by the Board of Jukskei SA. b) The name of the person will then be distributed to the Districts/Provinces.
5	SUBKOMITEE	SUBCOMMITTEE
	JSA-AF het die volgende subkomitee:	JSA-CC has the following subcommittee:
5.1	Dagbestuur:	Executive Committee:
5.1.1	Die primêre doel van die Dagbestuur is om alle dag-tot-dag sake van die JSA-AF te bestuur.	The primary purpose of the Executive Committee is to run all day-to-day business of JSA-CC.
5.1.2	Die dagbestuur bestaan uit:	The executive committee consists of:
5.1.2.1	Die Direkteur	The Director
5.1.2.2	Die Afrigterontwikkelaar	The Coach Developer
5.1.2.3	Die Sekretariaat	The Secretariat

6	SEKRETARIAAT	SECRETARIAT
6.1	Die Sekretariaat is die administratiewe kern van die JSA-AF en het die volgende verantwoordelikhede:	The Secretariat is the administrative center of the JSA-CC and has the following responsibilities:
6.1.1	Samestelling, ontvangs en verspreiding van korrespondensie, kennisgewings, agendas en notules van vergaderings.	Composition, receipt and distribution of correspondence, notices, agendas and minutes of meetings.
6.1.2	Kennisgewing van die Ledevergaderings moet ten minste 28 kalenderdae voor die vergadering versprei word.	Notice of Members' Meetings must be distributed at least 28 calendar days before the meeting
6.1.3	Uitstuur van nominasievorms vir vakante poste wanneer van toepassing.	Distribution of nomination forms for vacancies when applicable.
6.1.4	Uitstuur van Ledevergadering se dokumente.	Distribution of documents for Members' Meetings.
6.1.5	Onderhouding van die databasis rakende gekwalifiseerde- en geregistreerde afrigters.	Observance of the data base regarding qualified- and registered coaches.
6.1.6	Skakel met JSA Akademie vir die aanbied van Afrigterskursusse en –eksamens.	Contact with JSA Academy to present Coach courses and -examinations.
6.1.7	Die ontvang en hantering van die geloofsbriewe tydens die vergaderings.	Receiving and handling of credentials at the meetings.
6.1.8	Sorg dat al die eiendom van die JSA-AF op 'n bateregister verskyn by JSA.	Ensure that all the property of the JSA-CC appears on an asset register at JSA.
7	VERGADERINGS	MEETINGS
7.1	Ledevergaderings	Members' Meetings
7.1.1	Die Ledevergadering vind plaas, by voorkeur by dieselfde plek en gedurende dieselfde tydperk as wat die jaarlikse JSA Afrigtingskomitee Opleidingseminaar/ Kongres plaasvind.	The Members' Meeting will take place, preferably at the same location and during the same period as the annual JSA Coaching Committee Training Seminar/Congress takes place.
7.1.2	Geaffilieerde Distrikte/Provinsies, soos bepaal in die Statute van Jukskei SA, het die reg om een verteenwoordiger (geregistreerde afrigters) na die vergadering te stuur.	Affiliated Districts/Provinces, as stipulated in the Articles of Jukskei SA, have the right to send one representative (registered coaches) to the meeting.
7.1.3	Geloofsbriewe moet aan die vergadering voorgelê word deur alle verteenwoordigers.	Credentials must be submitted to the meeting by all representatives.
7.1.4	Geen volmagstemme sal op die vergadering toegelaat word nie. a) Distrikte/Provinsies moet regstreeks deur verteenwoordigers verteenwoordig word en nie deur plaasvervangers nie.	No proxy votes will be allowed at the meeting. a) Districts/Provinces must be represented directly by representatives and not by proxy.
7.1.5	Die doel van die Ledevergadering sal wees om aanbevelings te doen vir die JSA-AF Bestuur, besprekings- en beskrywingspunte te formuleer vir bekragtiging deur die Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA en om belangrike sake met die lede te kommunikeer.	The purpose of the Members meeting will be to make recommendations for the JSA-CC Management, formulate discussion points and motions for ratification by the Annual General Meeting of Jukskei SA and to communicate important matters with the members.
7.2	Bestuursvergaderings	Management Meetings
7.2.1	Vergaderings van die Bestuur sal deur die Sekretariaat in oorleg met die Direkteur, op	Meetings of the Committee will be scheduled by the Secretariat in consultation

	'n tyd en plek geskeduleer word wanneer dit vir die meerderheid van die Bestuur gerieflik sal wees om die vergadering by te woon.	with the Director, at a time and place when it would be convenient for the majority of the Committee to attend the meeting.
7.2.2	'n Kworum vir 'n vergadering van die Bestuur sal uit die helfte van gevulde poste plus een bestaan.	A quorum for a meeting of the Committee will consist of half of the filled posts plus one.
7.2.3	Besluite van die Bestuur moet binne 21 kalenderdae nadat dit geneem is, aan die verskillende Distrikte, Provinsies, Komitees en Direksie van Jukskei SA bekend gemaak word.	Decisions of the Board will be made known to the various Districts, Provinces, Committees and Board of Jukskei SA within 21 calendar days after they are taken.
8	ORGANISASIE EN WERKSAAMHEDE	ORGANIZATION AND ACTIVITIES
8.1	Werkzaamhede	Activities
8.1.1	Behandeling van die volgende verslae:	Handling the following reports:
	a) Direkteursverslag: Die Direkteur Afrigting stel jaarliks 'n verslag van die werkzaamhede van die Komitee saam wat tydens die Ledevergadering voorgelê word en daarna met wysigings aan die Direkteur Administrasie van Jukskei SA voorsien word vir insluiting in die Algemene Jaarvergaderingstukke van Jukskei SA.	a) Director's Report: The Director Coaching annually compiles a report of the activities of the Committee to be presented during the Members' Meeting and then, with amendments, submitted to the Director Administration of Jukskei SA for inclusion in the Annual General Meeting Documents of Jukskei SA
	b) Verslag van werkzaamhede van Afrigters binne Distrikte/Provinsies. (Distrikte/Provinsies moet hul verslae voor die Ledevergadering van elke jaar aan die Sekretaris van die Komitee beskikbaar stel vir behandeling deur die JSA-AF se Bestuur en Ledevergadering, en vir die saamstel van 'n samevattende verslag wat sal dien op die Ledevergadering.	b) Report of activities of Coaches in Districts/Provinces. (Districts/Provinces must make their reports available to the Secretary of the Committee before the Annual Members' Meeting for discussion by the Management and Members' Meeting of JSA-CC and for the compilation of a comprehensive report that will serve on the Members' Meeting.
	c) Hoofafrigters lewer jaarliks verslag van hul aktiwiteite en vordering met die afrigters en spelers in hul onderskeie groepe aan die Direkteur Afrigting wat voorgelê word aan die Direksie van JSA. 'n Samevattende verslag word ook aan die JSA-AF se Bestuur en Ledevergadering beskikbaar gestel wat sal dien op die Ledevergadering.	a) Head Coaches report annually on their activities and progress with the coaches and players in their respective groups to the Director Coaching which is then submitted to the Board of JSA. A summary report will also be made available to the JSA-CC's Management and Members Meeting, which will serve at the Members' Meeting.
	i. Hierdie verslag moet die tydperk dek van die voorafgaande twaalf maande wat die Ledejaarvergadering voorafgaan).	i. This report must cover the period of the twelve months preceding the Annual Members Meeting.)
8.1.2	Behandeling van die volgende punte:	Handling of the following points:
	a) Voorgestelde beskrywings-/besprekingspunte moet 30 kalenderdae voor die Ledevergadering die Sekretaris van die komitee bereik.	a) Proposed discussion points and motions must reach the Secretary of the Committee 30 calendar days prior to the Members' Meeting.

	b) Sake wat in belang van die komitee is;	b) Matters in the interest of the committee;
	c) Sake wat deur Jukskei SA se Direksie/Uitvoerende Bestuur/Algemene Jaarvergadering na die Ledevergadering verwys is.	c) Matters referred to the Members' Meeting by Jukskei SA's Board of Directors/Executive Committee/Annual General Meeting.
8.2	Prosedures	Procedures
8.2.1	Die kworum van die Ledevergadering is die helfte plus een van die stemgeregtigdes.	The quorum for the Members Meeting is half plus one of the voters.
8.2.2	Alle beslissings van die Komitee geskied deur 'n meerderheid van stemme van die lede teenwoordig.	All decisions of the Committee are conducted by a majority vote of the members present.
	a) Stemming geskied deur die opsteek van hande met dien verstande dat waar oor persone besluit moet word, per geslote stembrief gestem moet word.	a) Voting shall be by show of hands with the proviso that when persons are to be decided on, voting must be by secret ballot .
8.2.3	Die Direkteur het op alle vergaderings 'n beslissende, sowel as 'n gewone stem en hy moet by staking van stemme oor enige voorstel, anders as by die verkiesing van 'n persoon, sy beslissende stem uitbring.	The Director has at all meetings a casting, as well as a deliberative vote and shall, when there is an equal number of votes on any proposal other than the election of a person, cast his deciding vote.
	a) In gevalle van staking van stemme waar persone verkies moet word, sal die lot gewerp word.	a) In a case of equality of votes where people should be elected, the lot will be cast.
8.2.4	Die volgende persone het stemreg op Ledevergaderings:	The following people have the right to vote at Members' Meetings:
	a) Alle lede van die Bestuur, (Direkteur, Sekretaris, Afrigtersontwikkelaar, Hoofafrigter (seniors) en Hoofafrigter (juniors)	a) All members of the Committee, (Director, Secretary, Coach Developer, Head Coach (seniors) and Head Coach (juniors)
	b) Een verteenwoordiger per geregistreerde <u>Provinsie</u> (geregistreerde afrigter).	b) One representative per registered <u>Province</u> (registered coach).
8.2.5	Die notule van die Ledevergadering moet binne dertig (30) dae , in oorstemming met vergaderingbesluite Klousule 7.2.3 na die afloop van die Ledevergadering, aan die Distrikte/Provinsies uitgestuur word.	The minutes of the Meeting, in accordance with meeting decisions Clause 7.2.3, shall be sent to the Districts/Provinces within thirty (30) days after conclusion of the Members' Meeting.
9	VERSLAGDOENING	REPORTING
9.1	Alle verslae en/of versoeke vanaf die Komitee na Distrikte/Provinsies , en buite-instansies sal via die Sekretaris na JSA se Direkteur Administrasie gaan vir versending.	All reports and/or requests from the Committee to Districts/Provinces and outside organizations will go through the Secretary to JSA's Director of Administration for dispatch.
9.2	Ander korrespondensie soos interne skrywes tussen bestuurslede, moet via die sekretariaat geskied.	Other correspondence like internal correspondence between members of management must be done through the secretariat.
10	BYWETTE	BY-LAWS
10.1	Die volgende Bywette is Aanhangsels tot hierdie Reglement:	The following By-laws are Addenda to this Regulation:

10.1.1	Vlakke van Afrigters	
10.1.2	Prosedures vir kwalifisering van Afrigters	Procedures for qualifying Coaches
10.1.3	Prosedures vir die aanstelling van Provinsiale en Nasionale Afrigters	Procedures for the appointment of Provincial and National Coaches
10.1.4	Afrigterskomitees in Klubs, Distrikte en Provinsies	Coach Committees in Clubs, Districts and Provinces
10.1.5	Terminologielys	Terminology list.
11		
11	FINANSIES	FINANCES
11.1	Affiliasiegeld	Affiliation fees
11.1.1	Distrikte/Provinsies betaal jaarliks 'n affiliasiefooi wat deel is van die Distrik/Provinsie affiliasie aan JSA.	Districts/Provinces pay an affiliation fee annually which is part of the affiliation of the District/Province to JSA.
11.1.2	Hierdie bedrag word jaarliks hersien en vorm deel van die begroting soos ingedien deur JSA se Direkteur Finansies.	This amount is reviewed annually and is part of the budget as submitted by JSA's Director of Finance.
11.1.3	Affiliasiefooi is betaalbaar op 'n datum soos deur JSA bepaal.	Affiliation fees are payable on a date as determined by JSA.
11.1.4	Alle Distrikte/Provinsies is verplig om hierdie fooi te betaal, aangesien almal gebruik maak van afrigters op verskillende vlakke.	All Districts/Provinces are obliged to pay this fee, since everyone uses coaches at different levels.
11.2	Registrasiefooi	Registration Fees
11.2.1	Elke Distrik/Provinsie registreer jaarliks aktiewe afrigters by JSA-AF.	Each District/Province annually registers active coaches with JSA-CC.
11.2.2	Die bedrag van die registrasiefooi sal jaarliks hersien word en is tesame met affiliasiefooi betaalbaar.	The amount of the registration fee will be reviewed annually and is payable together with affiliation fees.
11.2.3	Elke Distrik/Provinsie behoort geregistreerde afrigters te hê ten einde ontwikkeling en voorbereiding van spanne te kan doen.	Each District/Province should have registered coaches for enhancing the development and preparation of teams.
11.2.4	Registrasiefooi is betaalbaar op 'n datum soos deur JSA bepaal.	Registration Fees are payable on a date as determined by JSA.
11.2.5	Geen afrigter mag optree alvorens registrasiegelde betaal is nie.	No coach should act before registration is paid.
11.3	Fondse	Funds
	Die algemene fondse van die Komitee word soos volg hanteer:	The general funds of the Committee will be managed as follows:
	a) Algemene fondse deur die Komitee ontvang, word in 'n rekening van Jukskei SA by 'n finansiële instelling wat deur die Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA aangewys word, gedeponeer en deur die Bestuur van die JSA-AF beheer en aangewend.	a) General funds received by the Committee, are deposited in an account of Jukskei SA at a financial institution designated by the Annual General Meeting of Jukskei SA, and managed and used by the Management of the JSA-CC.
	b) Uitbetalings word gedoen op die voorgeskrewe eisvorm van Jukskei SA, wat deur die Direkteur van die JSA-AF geteken en aan die Direkteur Administrasie van Jukskei SA gestuur word.	b) Payments are to be made on the official application form of Jukskei SA, signed by the Director of the JSA-CC and sent to the Director of Administration of Jukskei SA.
	c) Die Uitvoerende Bestuur sal dan die transaksie magtig en die betaling doen.	c) The Executive Committee will authorize the transaction and make the payment.

	d) Die Direksie van Jukskei SA het die reg om transaksies wat na hulle mening nie volgens die begroting is nie, te weier.	d) The Board of Jukskei SA has the right to refuse transactions which, in their opinion, are not in accordance with the budget.
	e) Die Bestuur behartig JSA-AF se finansies ooreenkomstig 'n goedgekeurde begroting.	e) The Management manages JSA-CC's finances in accordance with an approved budget.
	f) Die oudit ressorteer onder Jukskei SA.	f) the audit falls under Jukskei SA
11.4	State	Statements
11.4.1	Die finansiële state en die begroting van die Komitee word tydens die Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA hanteer.	The financial statements and the budget of the Committee are dealt with at the Annual General Meeting of Jukskei SA.
11.5	Begroting	Budget
11.5.1	Die volgende items sal staande uitgawes wees waarvoor begroot moet word:	The following items will be fixed expenses to be budgeted for:
	a) Reiskostes en Dagtoelaes soos deur JSA bepaal.	a) Travel expenses and Daily Allowance as determined by JSA.
	b) Honorariums. Word toegeken soos goedgekeur deur die AJV van JSA.	b) Honorariums. Awarded as approved by the AGM of JSA.
12	AFRIGTING VAN SPANNE IS KLOUSULE 15 VAN REGLEMENT C SPEELREËLS	COACHING OF TEAMS IS CLAUSE 15 OF REGULATION C RULES OF PLAY
12.1	Die ideaal is om 'n afrigter vir elke span aan te wys wat aan ligas, toernooie en kampioenskappe deelneem.	The ideal is to appoint a coach for each team participating in leagues, tournaments and championships.
12.2	Waar meer spanne van dieselfde instansie deelneem met net 'n hoofafrigter, kan die hoofafrigter by alle spanne afrig.	Where more teams from the same institution participate with just a head coach, the head coach may coach all the teams.
12.3	Wanneer spanne van dieselfde instansie van afrigters sowel as 'n Hoofafrigter gebruik maak, geld Reël 15.7 van die Speelreëls.	Where teams from the same institution make use of coaches as well as a Head Coach, Rule 15.7 of the Rules of Play apply.
12.4	Instansies word aangemoedig om veral in skole en junior wedstryde 'n afrigter by elke span te plaas aangesien dit onregverdig is dat spanne deelneem teen spanne wat 'n afrigter het.	Institutions are encouraged to place a coach with each team especially in schools and junior matches as it is unfair for teams to compete against teams that have a coach.
12.5	Geen spanne sal aan junior kompetisies kan deelneem sonder afrigters nie.	No teams will be able to participate in junior competitions without coaches.
12.6	Daar word aanbeveel dat ouers nie by spanne met hul eie kinders afrig nie.	It is recommended that parents do not coach teams in which their own children play.
12.7	Gekwalifiseerde afrigters wat nog op skool is (onder 19) kan slegs onder toesig as afrigters van juniorspanne aangewys word. Hulle mag help by Ontwikkelingsklinieke en kampe waar volwasse afrigters supervisie hanteer.	Qualified coaches still at school (under 19) can only be appointed as coaches of Junior teams under supervision. They may assist at Development Clinics and camps where adult coaches handle supervision.
13	IDENTIFISERING VAN AFRIGTERS	
